*De Kerk Thuis. Zondagboek.* U.M. Holland, Amsterdam. 1948.

Met die medewerking van tagtig predikante van die Nederlands Hervormde Kerk opgestel, onder wie sulke bekende figure as DRS. H. BERKHOF, M. H. BOLKESTEIN, W. F. DANKBAAR, G. SEVENSTER, E. L.

SMELIK, DI. C. AALDERS, J. J. BUSKES, H. C. TOUW en A. K. STRAATSMA, die bekende Haagse predikant beroemd om sy *Kent Gij Uw Bijbel*, is hierdie Sondagsboek verteenwoordigend van die beste van die nederlandse prediking. Volgens die „Ten Geleide", is die boek te beskou as 'n vrug van die herwonne sendingsbewussyn van die Kerk, en bedoel om die Evangelie te bring op die Sondag, en ook op die weeksdag, aan hulle wat nie in die geleentheid is om die gereelde erediens by te woon nie. Ek dink dadelik aan die onskatbare waarde van 'n dergelike boek vir ons afgeleë lidmate, vir leesdienste in ons konsulent-gemeentes; en hier in ons stede, vir die groot aantal lidmate, wat weens die aard van hul werk, nie elke Sondag onder die prediking kan verkeer nie. Daarby kom dat ons Kerk nog so arm is aan dergelike lektuur.

Elkeen van die preke is aktueel en spreek die mens van die twintigste eeu ontnugterend, vertroostend, bemoedigend aan. A. K. STRAATSMA se preek oor „Genade en Waarheid" (blsy. 263) en dié van DS. TOUW oor „God's Geduld" (blsy. 208) sal lank naleef in die gedagtes van elke leser.

'n Besondere voordeel is die feit dat die prediking ge-orden is aan die hand van die Kerklike jaar — eers die feestelike helfte tot aan Pinkster en daarna nog sewe-en-twinting preke gedurende die feestelose helfte van die jaar. 'n Aparte stuk is gewy aan „Besondere Dae en Geleenthede". Onder hierdie laaste rubriek kom 'n sendingspreek van DR. DANKBAAR en 'n huweliksprediking deur DS. KREB voor, wat nie sonder verryking gelees sal word nie. Hierdie boek behoort in al ons huise tuis.

A. S. GEYSER.